higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KOMMUNIKASIE N5
(Eerste Vraestel)

28 NOVEMBER 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: PRÉCIS

* Gepaste titel – voorbeelde:

- **Spaar met die Wild Card**
- **Besoek meer as 80 parke gratis met ’n Wild Card**
- **Spaar op hek- en bewaringstariewe met ’n Wild Card**
- **Kry ’n Wild Card en spaar op jou kampvakansie**
- **Die Wild Card bied vele opsies**
- **Met ’n Wild Card reis jy verder**

- Die Wild Card bied kampeerders/lede/toeriste vir ’n jaarlikse bedrag gratis toegang✓ tot meer as 80 bestemmings landwyd wat alle SANParke en verskeie reservate en bewaringsgebiede insluit.✓
- Die kaart kan slegs deur die persoon in wie se naam dit uitgereik is gebruik word.✓
- Afhangende van die soort lidmaatskap kos dit van R370 tot R1 035.✓
- Dit is by die meeste bestemmings, twee SANParkkantore of aanlyn beskikbaar.✓
- Drie opsies is beskikbaar: ’n kaart vir ’n volwassene, ’n paartjie of gesin van tot sewe gesinslede.✓
- Elkeen het ’n opsie wat toegang bied tot vyf spesifieke hoofbestemmings of net een van jou keuse.✓
- Wild Card-houers/lede betaal slegs kampgeld, nie die bewaringstarief per persoon by SANParke nie✓ en geniet as dagbesoekers onbeperkte gratis toegang tot die parke en reservate.✓

* Paragraaf in volsinne

* Aantal woorde tussen hakies aangedui – nie meer as 130 nie

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
3*	9✓	3 (-½ per fout)

[15]

VRAAG 2: TABEL

KAARTSOORT*	SPESIFIEKE BESTEMMING*	ALLE PARKE*
Enkelkaart/Een volwassene✓	R370✓	R515✓
Paartjies✓	R605✓	R845✓
Gesin✓	R735✓	R1 035✓

UITLEG	INHOUD
1*	9✓

[10]

VRAAG 3: VRAELYS

*** GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK**

Doel van vraelys in volsin – ongeveer 30 woorde✓

Versoek om vraelys te voltooi✓

Versoek om voltooide vraelys by toegangshek te laat✓

TWEE vraagsoorte om die volgende besonderhede te kry:

- Naam en kontakbesonderhede✓
- Adres (om streek vas te stel)✓
- Is die besoeker 'n Wild Card-houer?✓
- Indien nie – waarom nie?✓
- Watter soort Wild Card die gewildste is – toegang tot al die parke/slegs SANParke✓
- Onder watter groep die Wild Card die gewildste is – individue/paartjies/gesinne✓

* Bedank die besoeker dat hy/sy die vraelys voltooi het.

* Handtekening van die parkhoof

* Datum

* Vrae logies uiteengesit

* Twee vraagsoorte gebruik

UITLEG*	INHOUD	TAAL/STYL
3* (-1 per fout)	9✓	3 (-½ per fout)

[15]

VRAAG 4: ONDERSOEKVERSLAG

*** GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK**

*** VERSLAG OOR DIE ONDERSOEK NA DIE GEWILDHEID VAN DIE WILD CARD ONDER BESOEKERS**

1. * **Opdrag en doel**
Op 15 November 20..✓ is opdrag ontvang van die hoof- uitvoerende beampte, mnr. F Mketeni,✓ om ondersoek in te stel na die gewildheid van die Wild Card onder besoekers van individuele SANParke.✓ Die ondersoek moes oor 'n jaar strek en teen 31 Desember 20.. (einde van volgende jaar) afgehandel wees.✓

2. * **Ondersoekmetodes**
Vraelyste is vanaf 1 Januarie tot 31 Desember 20.. by die toegangshekke versprei.✓

3. * **Bevindinge**

3.1 65% van die besoekers/groepe wat die park gedurende die vorige jaar besoek het, is Wild Card-houers.✓

3.2 Persone/Groepe wat nie Wild Card-houers is nie, was óf nie bewus van die kaart nie (15%) óf besoek die parke en reservate te selde om voordeel daaruit te trek.✓

3.3 69% van die kaarthouers het die kaart wat toegang bied tot alle parke – 31% het die kaart met toegang tot slegs SANParke.✓

3.4 Die gewildheid van die Wild Card onder verskillende groepe is soos volg:
Paartjies: 60% / Gesinne: 24% / Individue: 16%

3.5 Wild Card-houers wat die park besoek is hoofsaaklik afkomstig van die volgende streke:
Gauteng: 47% / Buitelanders: 30% / Ander provinsies: 23%✓

4. *** Gevolgtrekking**
Die meerderheid van besoekers aan die park is Wild Card-houers.✓ Die kaart wat toegang bied tot alle parke is die gewildste.✓ Die Wild Card is die gewildste onder paartjies wat die park besoek.✓ Die meeste Wild Card-houers wat die park besoek kom van Gauteng.✓

* **Opgestel deur:**

* Handtekening
* T. Madelosi
* Parkhoof

* Posbus X3
* Clarens
* 9707

* 15 Januarie 20… (enige haalbare datum in Januarie)

UITLEG*	INHOUD	TAAL/STYL
5* (-1 per fout)	14✓	6 (-½ per fout)

[25]

VRAAG 5: VERKOOPSBRIEF

*** GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK**

*Besprekings: 058 255 0900
*Faks: 058 255 0901
*Ontvangs en navrae: 058 255 1000
*E-pos: goldengate@sanparks.org

*Posbus X3
Clarens
9707
*Datum (enige)

*..... **(spesifieke naam en adres ook korrek)**

*.....

Geagte .....

***KOOP 'N WILD CARD EN SPAAR OP 'N HELE JAAR SE KAMPVAKANSIES**
(enige gepaste inhoudsopskrif)

Paragraaf 1 – trek aandag✓
Bv. Met die Wild Card kry jy onbeperkte gratis toegang tot meer as 80 bestemmings.

Paragraaf 2 – skep belangstelling – verskaf inligting (maksimum 7 punte)
Bv. Vir 'n jaarlikse bedrag kan jy gratis toegang kry tot alle SANParke en verskeie reservate en bewaringsgebiede.✓ Drie opsies is beskikbaar: 'n kaart vir 'n volwassene, 'n paartjie of gesin van tot sewe gesinslede.✓ Elkeen het 'n opsie wat toegang bied tot vyf spesifieke hoofbestemmings of net een van jou keuse.✓ Met 'n Wild Card betaal jy net jou kampgeld, en nie die bewaringstarief per persoon by SANParke nie.✓ Met 'n Wild Card geniet jy as dagbesoeker onbeperkte gratis toegang tot alle SANParke insluitend die Kruger Wildtuin.✓ Afhangende van die soort lidmaatskap kos dit van R370 tot R1 035.✓

Jy kan om lidmaatskap aansoek doen by die meeste bestemmings, aanlyn by wildcard.co.za of by SANParke se Groenkloofkantore in Pretoria of die Kaapstadse kantoor in Tokai. ✓

Paragraaf 3 – skep begeerte✓
Bv. 'n Wild Card laat die hekke vir jou oopswaai na die Kruger Wildtuin, die Addo-olifantpark en nog vele ander.

Paragraaf 4 – spoor aan tot aksie✓
Koop jou Wild Card by Golden Gate Hoogland Nasionale Park en staan 'n kans om 'n gratis ete vir twee in ons hotel met 'n lieflike uitsig oor die berge te geniet.✓

*Die uwe

*Handtekening
*Thulani Madelosi
*Parkhoof

UITLEG*	INHOUD	TAAL/STYL
4* (-1 per fout)	11✓	5 (-½ per fout) ABBA-beginsel

[20]

VRAAG 6: KENNISGEWING EN AGENDA

*** GOLDEN GATE HOOGLAND NASIONALE PARK**

BESTUURSVERGADERING✓ DATUM (bv. DAG 10 APRIL 20..)✓ OM TYD✓ IN DIE PLEK✓

* **AGENDA**

1. Opening en verwelkoming✓
2. Bywoning✓
3. Verskonings✓
4. Sluiting van die sakelys✓
5. Notule van vergadering soos gehou op (datum twee weke terug)✓
6. Sake uit die notule:✓
   - 6.1 Terugvoerverslag: Vordering van Wild Card-verkope✓
7. Nuwe sake:✓
   - 7.1 Nuwe uniforms vir restaurantpersoneel✓
   - 7.2 Sekuriteit by hotel✓
   - 7.3 Beheer van veldbrande✓
   - 7.4 ……✓
   - 7.5 ……✓
8. Afsluiting✓

* <u>Handtekening</u>
* T. Madelosi
* Parkhoof

*DATUM (bv. 7 April – drie dae voor vergadering)

Nota aan nasiener: Enige formaat aanvaarbaar – memorandumvorm/briefhoof

UITLEG	INHOUD	TAAL/STYL
3* (-1 per fout)	9✓(18 ÷ 2)	3 (-½ per fout)

[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou